

19 Junie

Genesis 7:1-24, (Teks: 7:16b)

God het die sleutel

Nadat Noag en sy gesin aan boord van die ark gegaan het, het die Here Self die deur agter hulle toegesluit. Let daarop - die handvatsel en die slot van die deur sit dus aan die buitekant en God het die sleutel van die deur. So word Noag en sy gesin veilig afgesluit van die stormwaters daarbuite, maar terselfdertyd ook saam toegesluit in die beperkte leefruimte binne in die ark. Daarom was dit vir mens en dier 'n uiters moeilike en spanningsvolle beproewingstyd in die ark. Maande lank moes hulle almal binne hierdie beperkte ruimte lewe terwyl die ark op die stormwaters rondrywe. Niemand kon weer uit die ark uitkom as God nie weer die deur oopsluit nie.

So ervaar ons ook die lewe hier op planeet aarde. Ons is hier op aarde gebore sonder dat ons daarom gevra het. In sonde ontvang en gebore. Ingeperk in 'n gebroke wêreld. Ingeperk in 'n liggaam wat elke dag besig is om al hoe meer te verval. Ingeperk deur moeite en verdriet, deur beproewinge en probleme. Maar God het die sleutel

Want God het die deur van die ark vir Noag en almal by hom weer oopgesluit waar 'n nuwe aarde op hulle almal gewag het. Op Golgota het God in Christus ook die deur vir ons oopgesluit, en daar is vir ons 'n pad na buite, 'n pad deur die graf, 'n pad na die hemel. 'n Ewige tuiste in die Vaderhuis. Na die engtes van die sonde mag ons die ruimtes van God se genade in Jesus Christus geniet. Reeds vandag!

Sing: Skrifberyming 43:1,5

Ds. M.P. Harris (Witbank-Suidoos)